**Education and Sport Development**

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sport Ontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

# NALEDI SUB-DISTRIK

# LEWENSORIëNTERING

# INFORMELE ASSESSERING

# GRAAD 10

# 2018

# INHOUDSOPGAWE


| AKTIWITEIT NR | ONDERWERP | BLADSY NR |
|---|---|---|
| 1 | Ontwikkeling van die self in die samelewing. | 3 |
| 2 | Loopbane en loopbaan keuses | 5 |
| 3 | Demokrasie en menseregte | 6 |
| 4 | Demokrasie en menseregte | 7 |
| 5 | Studievaardighede | 8 |
| 6 | Sosiale en omgewings verantwoordelikhede | 12 |
| 7 | Ontwikkeling van die self in die samelewing. | 13 |
| 8 | Ontwikkeling van die self in die samelewing. | 14 |
| 9 | Ontwikkeling van die self in die samelewing. | 15 |
| 10 | Loopbane en loopbaan keuses | 15 |
| 11 | Loopbane en loopbaan keuses | 16 |
| 12 | Demokrasie en menseregte | 18 |
| 13 | Demokrasie en menseregte | 19 |
| 14 | Hersiening oefeninge | 20 |
| | Antwoorde | 22 |

**KWARTAAL 1**

## WEEK 1-3

## Hoofstuk 1: Selfontwikkeling in die samelewing

### Aktiwiteit 1.1

1.1.1. Gee ‘n goed geformuleerde definisie van elk van die volgende konsepte:

- Selfbewustheid (2)
- Selfbeeld (2)
- Selfontwikkeling (2)

1.1.2. Noem enige 5 strategieë om selfvertroue te bou. (5)

1.1.3. Lys enige 2 faktore wat selfbewustheid en selfbeeld kan beïnvloed. (2)

1.1.4. Pas kolom A by kolom B.
Skryf slegs die korrekte letter langs die nommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1. Geslag | A Groepe volgens seks |
| 2. Seks | B Groepe volgens geslag |
| 3. Man en vrou | C Deel van mag tussen mense in ‘n verhouding. Daar kan dominante en onderdanige persone in die verhouding wees. Dominansie word soms bepaal deur geslag. Mans het tradisioneel meer mag as vrouens. |
| 4. Vroulik en manlik | D Biologiese kwaliteite wat mans en vrouens definieer. |
| 5. Magsverhoudinge | E Rolle, optredes, aktiwiteite en kwaliteite wat die samelewing sien as gepas vir mans/vrouens. Geslag is geleer, en nie ‘n biologiese funksie nie. |

(5)

1.1.5. Bestudeer die spotprent en beantwoord die vrae gebaseer daarop.




*(Bron: www.chrismadden.uk.com, 16 Oktober 2014)*

a) Wat is geslagstereotipering? (2)

b) Stem jy saam met die gedagtes van die persoon in die spotprent? Motiveer jou antwoord. (2)

c) Gee enige 3 voorbeelde van hoe die samelewing diskrimineer teen vrouens as gevolg van hulle geslag. (3)

**TOTAAL AKTIWITEIT 1.1: [25]**

**<u>Aktiwiteit 1.2</u>**

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Kgomotso is ‘n baie skaam meisie wat nie hou van in die openbaar of voor mense praat nie. Sy is ook baie bang om enige voorleggings in die klas te doen. |

1.2.1. Gee 5 wenke vir Kgomotso wat haar selfvertroue kan help verbeter sodat sy in die klas en openbaar kan praat. (5)

1.2.2. Verduidelik verskeie strategieë wat jy kan gebruik om selfvertroue te bou in jouself en ander. (5)

**TOTAAL AKTIWITEIT 1.2: [10]**

**WEEK 4-6**

**Hoofstuk 3: Loopbane en loopbaan keuses**

**Aktiwiteit 2**

2.1. Noem die 3 stappe om self-kennis vir loopbaan keuses op te doen. (3)

2.2. Wat is die slaagvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat? (3)

2.3. Skryf die vakke neer wat jy huidiglik het, en dui aan watter hiervan is op die aangewese lys van vakke. (7)

2.4. Is die volgende stelling waar of vals?
Indien vals, gee 'n rede.

2.4.1. Lewensoriëntering word geassesseer deur 'n eksterne eksamen wat 75% bydra tot die finale punt. (2)

2.5. Verduidelik die verskil tussen die volgende soorte belasting.

- BTW (2)
- LBS (2)
- Sondebelasting (2)

2.6. Gee 'n definisie vir die volgende metodes van finansiële hulp vir studente.

- Beurs (2)
- Leerlingskap (2)


**TOTAAL AKTIWITEIT 1: [25]**

**WEEK 7-10**

**Hoofstuk 3: Demokrasie en menseregte**

**Aktiwiteit 3**

3.1. Beantwoord die volgende vrae gebaseer op die prent.




*(Bron: [www.fanpop.com](http://www.fanpop.com), 19 Februarie 2013)*

3.1.1. Gee 'n kort verduideliking vir elk van die volgende konsepte:

- rassisme
- menseregte skending
- godsdienstige onverdraagsaamheid (3)

3.1.2. Stem jy saam dat alle menseregteskendings dieselfde gevolge het? Gee 'n goed geformuleerde rede vir jou antwoord. (3)

3.1.3. Dink jy menseregte organisasies in hierdie land doen genoeg om slagoffers van menseregte skendings te beskerm? Gee 2 redes vir jou antwoord. (4)

3.2. Wat beteken vooroordeel? (2)

3.3. Hoekom dink jy is mense bevooroordeeld? Verskaf 3 redes. (3)

**TOTAAL AKTIWITEIT 3: [15]**

**Aktiwiteit 4**

Nommer 4.1 - 4.5 is voorbeelde van onregverdige optrede teenoor mense.
Kies van die volgende lys van woorde die een wat die beste by die scenario pas.

| |
|---|
| **Stereotipering, Rassisme, Diskriminasie, Vooroordeel, Seksisme** |

4.1. Ek dink alle besigheidsmense is oneerlik met geld.

4.2. Twee mans werk vir dieselfde maatskappy met dieselfde kwalifikasies en ondervinding, maar een verdien meer as die ander omdat hy van ‘n ander ras is.

4.3. ‘n Man en vrou doen aansoek vir dieselfde werk by ‘n maatskappy. Hulle het dieselfde kwalifikasies en vermoëns, maar die man word aangestel “want hy is ‘n man”.

4.4. ‘n Persoon weier om besigheid met ‘n ander persoon te doen, want hy het ‘n “oneerlike gesig”.

4.5. Iemand hou meer van ‘n sekere groep mense en hanteer hulle beter.

**TOTAAL AKTIWITEIT 4: [5]**

# KWARTAAL 2

## WEEK 1-3

## Hoofstuk 5: Studievaardighede

**Aktiwiteit 5** (Maak gebruik van jou klasnotas oor studievaardighede om die aktiwiteit te voltooi)

5.1. Lees die volgende uittreksel en som dit op deur 'n breinkaart te teken.

**WENKE VIR DIE ANTWOORD VAN BEGRIPSTOETSE**

**Moet Nooit Inligting Van Buite Gebruik Nie**

Wanneer jy 'n leesstuk ontvang, lees dit ten minste twee keer aandagtig deur. Wanneer jy gereed is om die vrae te beantwoord, moenie kennis van buite gebruik om jou antwoord te kies of formuleer nie. Antwoord altyd net vanuit die leesstuk. Enige antwoord wat nie ondersteun kan word deur inligting vanuit die leesstuk nie, moet uitgelaat word.

**Lees Die Instruksies Noukeurig**

Studente moet altyd versigtig wees wanneer instruksies gelees word. Sommige punte kan gemis of misverstaan word. Byvoorbeeld, wanneer jy gevra word vir sinonieme of antonieme vir woorde in die leesstuk, moet die konteks daarvan eers bepaal word. Soms kan 'n antwoord bekend lyk omdat dit die korrekte antwoord is vir 'n ander vraag. Wanneer daar instruksies gegee word om antwoorde op 'n spesifieke manier te nommer of te skryf kan dit jou punte kos as dit nie so gedoen word nie, selfs al is jou antwoord reg.

**Maak Strategiese Raaiskote**

Maak 'n gewoonte daarvan om die gegewe keuses te lees voor jy antwoord, sodat 'n byna regte antwoord jou nie fnuik nie. Indien jy onseker is oor die antwoord, elimineer enige antwoorde wat definitief verkeerd is, en kies dan uit die oorblywende antwoorde die korrekte een. As die tyd dit toelaat, probeer om al die vrae te beantwoord, en kom na die tyd terug na die waaroor jy onseker is.

**Lees Die Vraag Eerste**

Wanneer jy 'n leesstuk gegee word wat gevolg word deur vrae, lees altyd die vrae eerste. Deur dit te doen sal jy weet waarvoor om te soek in die leesstuk. Dit sal jou help om aandag te vestig op woorde en sinne wat belangrik is, sodat jy soeklees kan toepas eerder as om elke woord te lees. Maak merkers in die leesstuk wanneer jy belangrike terme raaklees, sodat jy maklik daarna kan terug verwys wanneer jy die vraag beantwoord. As jy eers die leesstuk lees en dan die vrae, sal dit nodig wees om gereeld terug te gaan na die stuk en daardeur te soek, wat baie tyd gaan neem.

**Hersien Jou Antwoorde**

Wanneer jy klaar is met die vrae, hersien jou antwoorde ten minste 2 keer om te kyk vir foute. Dit sal jou help om antwoorde reg te stel of sinskonstruksie te verander, indien dit nodig is. Hersiening is belangrik in veelkeuse vrae om seker te maak jy het al die vrae beantwoord en in die regte spasies geskryf. Gaan altyd terug na afdelings waaroor jy twyfel.

*(Bron: www.classroom.synonym.com, 17 Oktober 2014)*

5.2. Lees die volgende stelling en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Suzie: "Ek is so moedeloos … ek studeer en studeer en studeer, maar my punte is teleurstellend. Wanneer ek my rapport huis toe vat, is daar altyd 'n bakleiery. My ouers sê ek studeer nie genoeg nie. Hulle wil nie my kant van die saak insien nie, en verstaan die dat ek die werk nie verstaan en kan onthou nie." |

Skryf 'n **OPSTEL** om vir Suzie raad te gee oor hoe om 'n effektiewe leerder te wees deur die belangrikheid van studievaardighede te verduidelik.

In jou opstel, verwys na:

- Luister- en leesvaardighede (3)
- Konsentrasie- en geheuevaardighede (3)
- Tydsbestuur (4)

(10)

5.3. Kies enige EEN van die volgende scenarios en maak gebruik van die probleemoplossing werkkaart voorsien om jou probleemoplossing vaardighede toe te pas in die scenario wat jy gekies het.

**Scenario 1**

| |
|---|
| Stel jou voor jy begin jou senior jaar van hoërskool. Jy het besluit jy wil na skool universiteit toe gaan, maar jy het nog nie besluit waar nie. Jy het ontdek dat om in jou eie provinsie te studeer finansiële voordeel bied omdat universiteite duurder is vir iemand wat nie in daardie provinsie woon nie. Lys die dinge wat vir jou die belangrikste is op die werkkaart, byvoorbeeld plek, kostes, duur van studies ens. Wat sou jy besluit om te doen? |

**Scenario 2**

| |
|---|
| Ongeveer dieselfde tyd wat jou selfoon per ongeluk in die swembad beland, kom jou kontrak met jou huidige selfoon diensverskaffer tot 'n einde. Om sonder 'n selfoon te wees is nie 'n opsie nie omdat jou ouers wil hê jy moet in kontak bly met jou vriende. Jy sal 'n nuwe selfoon en kontrak moet kry, en jy kan dit doen deur die huidige kontrak te hernu of van diensverskaffers te verander. Wees seker jy neem die belangrikste dinge in ag, soos sms ens., maar hou in gedagte dat die selfoon en plan bekostigbaar moet wees omdat jy self vir alles gaan betaal. Wat sou jy doen? |

## Scenario 3

Veronderstel dat net soos baie hoërskool studente, het jy ook nie juis geld nie. Jy oorweeg 'n deeltydse werk, maar is nie seker of dit 'n goeie idee is nie. Jy het nodig om geld te maak, maar omdat jy betrokke is by ander aktiwiteite en jy op jou skoolwerk moet fokus is vryetyd ook belangrik. Watter opsies het jy om 'n geldjie te verdien? Jou eie besigheid, byvoorbeeld gras sny, kinders oppas of mense se honde vir 'n wandeling vat, kan oorweeg word. Tradisionele werk kan ook oorweeg word, byvoorbeeld 'n verkoopswerk of kelner/kelnerin in 'n restaurant. Wat sou jy kies?

*(Bron: Georgia CTAE Resource Network, 17 Oktober 2014)*

## Probleemoplossing werkkaart

1. Identifiseer die probleem. Skryf 'n kort beskrywing van die situasie en die dilemma.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

2. Definieer die probleem. Skryf oor die spesifieke dilemma.
   Wees baie spesifiek oor watter besluit gemaak moet word.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

3. Bepaal moontlike oplossings. Maak ‘n lys van oplossings wat jy kan oorweeg. Lys verskeie oplossings, insluitend die mees logiese opsies.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Bepaal die faktore om die situasies te evalueer. Lys die faktore wat oorweeg moet word.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

5. Kies ‘n werkbare oplossing. Skryf die oplossing neer waarop jy gaan besluit. Verduidelik in detail hoekom jy op hierdie oplossing besluit het. Gebruik feite en logika. Verwys na stap 4 indien nodig.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

6. Voer jou oplossing uit. Wat is die stappe om jou opsie uit te voer? Watter probleem kan jy teëkom?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**TOTAAL AKTIWITEIT 5: [10]**

**Week 4-7**

## Hoofstuk 6: Sosiale en omgewingsverantwoordelikheid

### Aktiwiteit 6.1

6.1.1 In ‘n paragraaf, vergelyk die verskil tussen omgewingsgeregtigheid en sosiale geregtigheid. (6)

6.1.2. In ‘n opstel, bespreek sosiale kwessies en hul skadelike gevolge.
Bespreek die volgende faktore:

- Armoede
- Voedselsekuriteit
- Ongelyke toegang tot basiese hulpbronne en dienste. (15)

**TOTAAL AKTIWITEIT 6.1: [21]**

### Aktiwiteit 6.2

| |
|---|
| Baie sosiale kwessies het negatiewe effekte op plaaslike gemeenskappe en in die buiteland. Suid-Afrika is een van die lande wat sukkel met ‘n watertekort. |

6.2.1. Jy word gevra om jou portuurgroep toe te spreek oor die kwessie rondom waterbesparing in ons daaglikse lewens.
Skryf ‘n kort opstel en verwys na:

- 6 maniere hoe tieners water kan spaar in hul daaglikse lewens. (6)

- Kritiese verduideliking van die sosiale nagevolge as mense nie gelyke toegang tot water het nie (9)

**TOTAAL AKTIWITEIT 6.2: [15]**

**KWARTAAL 3**

**WEEK 1-5**

**Hoofstuk 7: Selfontwikkeling in die samelewing**
**Aktiwiteit 7**

7.1. Is die volgende stellings WAAR of VALS? Indien VALS, gee 'n rede vir jou antwoord.

7.1.1. Jy het meer as een lewensrol op 'n slag.
7.1.2. Rolle kan nie verander nie.
7.1.3. In verskillende rolle kan jy onafhanklik wees, m.a.w. jy het nie ander se hulp en ondersteuning nodig nie.
7.1.4. Die reproduktiewe stelsel van 'n kind is nie volwasse nie, en moet deur veranderinge gaan om volwassenheid te bereik.
7.1.5. Die tyd wanneer veranderinge plaasvind word vryheid van assosiasie genoem.
7.1.6. Die veranderinge vind plaas as gevolg van geslagshormone geproduseer deur ovaria in seuns en testes in dogters. (10)

7.2. Vier moontlike antwoorde word vir elk van die volgende stellings/vrae gegee. Kies die mees gepaste antwoord, skryf slegs A – D langs die regte nommer.

7.2.1. Die invloed van portuurgroep is baie belangrik want…
A vriende is baie belangrik en kan jou beïnvloed.
B hulle bied tieners finansiële hulp.
C hulle word verantwoordelik vir loopbaan beplanning.
D jy is verantwoordelik vir die span saam wie jy werk.

7.2.2. Om in staat te wees om verandering te hanteer moet jy…
A van vriende verander.
B met volwassenes praat wat jy vertrou.
C begin verhoudinge met mense van die teenoorgestelde geslag.
D al jou geheime op sosiale media soos Facebook plaas.

7.2.3. Kommunikasie help om verandering te hanteer, want…
A jy word verantwoordelik vir ander mense se gevoelens.
B om na ander te luister is 'n selfgeldende vaardigheid.
C jy betrokke raak by gesonde aktiwiteite.
D om met ander te praat sal belangrike verhoudings versterk. (3)

7.3. Lys 3 tipes risiko-gedrag wat jou vermoëns om gesonde lewenskeuses te maak, kan benadeel. (3)

7.4. Wat is die waardes wat 'n tiener sal help om gesonde lewenskeuses te maak? Noem enige 4 waardes. (4)

**TOTAAL AKTIWITEIT 7: [20]**

**Aktiwiteit 8**

8.1 Van adolessensie tot volwassenheid vind baie veranderinge plaas op baie gebiede. Verduidelik 2 voorbeelde van veranderinge wat plaasvind in elk van die volgende areas.

8.1.1 Liggaamlike veranderinge (2)
8.1.2 Emosionele veranderinge (2)
8.1.3 Sosiale veranderinge (2)

8.2 Baie jong mense raak betrokke in verhoudings met mense van die teenoorgestelde geslag tydens hul tienerjare. Dit kan positiewe sowel as negatiewe gevolge hê.

8.2.1 Noem en beskryf 2 positiewe en 2 negatiewe gevolge van verhoudings in hierdie fase van die lewe (4)

**TOTAAL AKTIWITEIT 8: [10]**

**Aktiwiteit 9**

9.1. Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vrae wat volg.

Ek is my ouers se KIND

Omdat ek getroud is, is ek ook my vrou se MAN…

…en ‘n VADER vir my kinders.

By die kantoor is ek ‘n WERKNEMER asook ‘n TOESIGHOUER



Ek is ook ‘n VRIEND….

…en ‘n SPANMAAT vir mense by die klub.

Hierdie man vervul die verskillende lewensrolle.

9.1.1. Skryf ten minste 5 ander rolle wat **JY** vervul en dui aan wat jou verantwoordelikhede is met betrekking tot hierdie rolle. (5x2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 9: [10]**

**WEEK 6-10**

**Hoofstuk 8: Loopbane en loopbaankeuses**

**Aktiwiteit 10**

10.1. Pas kolom A by kolom B.
Skryf slegs die korrekte letter langs die nommer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.10.1 primêre sektor | A Rou materiaal word omgeskakel na produkte |
| 1.10.2. sekondêre sektor | B Behels werke soos navorsing, informasie en tegnologie. |
| 1.10.3. tersiêre sektor | C Die vermoë om iets te doen deur opleiding |
| 1.10.4. kwaternêre sektor | D Dienslewering |
| | E Verkry van rou materiaal van die omgewing wat in produkte omskep kan word en verkoop word. |

(4)

10.2. Wat is die verskil tussen 'n vaardigheid en 'n bevoegdheid? (4)

10.3. Voltooi die sinne deur die ontbrekende woorde in te vul.

In jou loopbaan sal jou vaardighede en bevoegdhede 10.3.1 ………, 10.3.2 ……… en 10.3.3 ……… bepaal (3)

10.4. Verskillende loopbane het verskillende vorms van aktiwiteite. Vervang elk van die onderstaande stellings met die aktiwiteit wat dit beskryf.

10.4.1. Om iets te plant, te laat groei en teel en na iets/ iemand omsien.
10.4.2. Onderdele van iets aan mekaar sit of konnekteer.
10.4.3. Rig die gedrag van mense of diere.
10.4.4. Iets beplan of besluite maak daaroor wat gebou of gemaak word

(4)

**TOTAAL AKTIWITEIT 10: [15]**

<u>**KWARTAAL 4**</u>

<u>**WEEK 1-3**</u>

<u>**Hoofstuk 10: Demokrasie en menseregte**</u>

<u>**Aktiwiteit 12**</u>

Lees die onderstaande uittreksel oor die Dalai Lama se siening oor die rol wat godsdiens speel in wêreld vrede. Beantwoord die vrae.

***<u>Wêreld Gelowe vir Wêreld Vrede</u>***

Die beginsels bespreek tot dusver is in verband met die etiese lering aangaande al die gelowe wêreldwyd. Ek onderhou dat elke groot geloof van die wêreld – Boeddhisme, Christenskap, Confucianisme, Hindoeïsme, Islam, Jainisme, Judaisme, Sikhisme, Taoisme en Zoroastrianisme – het ooreenstemmende idees van liefde, dieselfde doelwit om die mensdom te bevoordeel deur geestelike praktyk en dieselfde doel om van hul volgelinge beter mense te maak. Alle gelowe leer morele waardes om funksies van die gedagtes, liggaam en spraak te vervolmaak. Alle gelowe leer ons om nie te lieg of steel of moord te pleeg nie, ensovoorts. Die gemeenskaplike doel van alle morele kodes neergelê deur die groot leermeesters van menslikheid, is onselfsugtigheid. Die groot leraars wou hul volgelinge weg lei van die weë van negatiewe dade, 'n uitvloeisel van onkunde, en hulle voor stel aan weë van goedheid.

Alle gelowe stem saam oor die belangrikheid om 'n ongedissiplineerde gedagtegang te beheer, een wat selfsug en ander wortels van kwaad huisves, en elke geloof leer oor 'n pad wat lei tot 'n geestelike toestand wat vrede, dissipline, etiese waardes en wysheid besit. Dit is in hierdie lig wat ek glo alle gelowe het dieselfde essensiële boodskap. Verskille in dogma kan voorgeskryf word aan verskille in tyd en omstandighede asook kulturele invloede. Daar is inderdaad geen einde aan dogmatiese argument wanneer ons die suiwer metafisiese kant van godsdiens oorweeg nie. Dit is tog meer voordelig om in ons daaglikse lewens die gedeelte kodes van goedheid, onderskryf deur alle gelowe, te implementeer eerder as om te argumenteer oor klein verskille in benadering.

12.1. Noem enige 2 gelowe genoem in die uittreksel. (2)

12.2. Wat het die 2 gelowe wat jy genoem het in gemeen? (2)

12.3. Wat kan jy leer uit die lering van hierdie gelowe? (2)

12.4. Wat is die gemeenskaplike doelwit van alle gelowe genoem in die uittreksel? (2)

12.5. a) Waarom voel die Dalai Lama al die gelowe het dieselfde boodskap?
b) Stem jy saam met die Dalai Lama?
c) Motiveer jou antwoord. (3)

12.6. Volgens die Dalai Lama, wat moet eerder die fokus van alle gelowe wees? (2)

12.7. Volgelinge van Christenskap word Christene genoem. Wat noem jy volgelinge van:

a) Judaisme b) Islam c) Boeddhisme
d) Hindoeïsme e) Taoïsme (5)

12.8. Dink jy al hierdie gelowe dra by tot wêreldvrede?
Motiveer jou antwoord. (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 12: [20]**

**WEEK 4-6**
**Hoofstuk 10: Demokrasie en menseregte**
**Aktiwiteit 13**

Bestudeer die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Gebeurtenisvolle atletiekbyeenkoms**

Dit het voorgekom asof Henricho en Alex die eindstreep gelyk oorgesteek het. Die wedloop het so vinnig gegaan dat dit moeilik was om te sien wie eerste was. Die veld beampte beweer dat Henricho die wenner was. Die toeskouers was baie ontsteld, en Alex het gevoel dat hy onregverdig behandel is. Selfs Henricho het gesê hulle het gelyk klaargemaak – hulle was albei wenners.

Sommige skole het blykbaar nie die reëls gevolg nie. Daar was leerders wat ouer was, wat in die 0/16 langafstand wedloop deelgeneem het. Sommige van hulle het 22 jaar oud gelyk, en hulle het al die pryse gewen.

Die aflos het ons verloor omdat van ons beste atlete nie in die span ingesluit was nie. Ons afrigter hou nie van mense wat 'n ander geloof volg as wat hy doen nie, en daarom was Maria 'n reserwe.

Daar was ontstellende neigings by die verspring. Leerders van een skool was baie groter as leerders van ander skole. Hulle spiere was massief! Daar is gerugte dat hulle steroiede gebruik om spiere te bou.

Snaaks genoeg het die verwagte wenner vierde geëindig in die prestige wedloop van die dag. Dit het voorgekom asof hy met opset stadiger hardloop. Die wenner en naaswenner het die handelsmerk van 'n maatskappy wat vroeër 'n miljoen rand aan die skool geskenk het, gedra.

13.1 Identifiseer ten minste 4 voorbeelde van vuil spel in die bostaande artikel. Stel in elke geval voor wat gedoen kan word om regverdigheid in sport te bewerkstellig. (8)

13.2 Hoekom dink jy vind daar sulke onregverdige gebeure plaas in die sport-wêreld? (2)

13.3 Verduidelik kortliks aan 'n vriend wat bedoel word met 'wedstryd knoeiery'? (3)

13.4 Beskryf 2 maniere waarop 'n beampte / skeidsregter kan bydra om vuil spel in sport te elimineer? (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 13: [15]**

**Aktiwiteit 14: Hersiening**

14.1. Pas die term in kolom A by die stelling in kolom B. Skryf die nommer van die vraag met die term en die gepaste beskrywing langs dit.

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| 14.1.1 Vooroordeel | A | Om net in een god te glo |
| 14.1.2 Selfbewustheid | B | Inkomste, gemeenskapsbehoeftes, lewensomstandighede, impak van inkomste belasting op finale salaris pakket |
| 14.1.3 Handves van regte | C | 'n Vooropgestelde opinie of gevoel wat vooraf gevorm is, bewustelik of onbewustelik, sonder gedagte of rede. |
| 14.1.4 Monoteïsties | D | Beskrywing van menseregte |
| 14.1.5 Sosio-ekonomiese faktore | E | Die vermoë om aspekte te sien van ons eie persoonlikheid, optrede, emosies, motiverings en gedagte gang. |

(5)

14.2. Kies die regte antwoord. Skryf die antwoord langs die vraag op jou antwoordblad.

14.2.1. Self-ontwikkeling is……..

A om jouself te ken

B hoeveel jy van jouself hou

C hoe jy jouself kan verbeter

14.2.2. Werkloosheid is ‘n…..

A Sosiale kwessie
B Omgewingskwessie
C Geestelike kwessie

14.2.3. ‘n Opvoedkundige sisteem, waar leerders vaardighede ontwikkel binne ‘n werk omgewing word ‘n ……… genoem.

A beurs
B leerlingskap
C loopbaan

14.2.4. Hierdie is die eerste stap aangaande volwassenheid en maak ons liggame gereed vir reproduksie…..

A puberteit
B adolessensie
C ouer ouderdom (4)

14.3. Besluit of die volgende stellings WAAR of VALS is. Verduidelik jou antwoord. Skryf WAAR of VALS langs die vraag nommer, met jou motivering in dieselfde reël.

14.3.1 Onbeplande tiener swangerskappe kom voor as gevolg van ‘n gebrek aan inligting aangaande veilige seks en voorbehoedmiddels. (1)

14.3.2 ‘n Loopbaan wat haalbaar is vir die sosio-ekonomiese toestande beteken dat slegs jy voordeel daaruit trek. (1)

14.3.3 Kritiese denkwyse is die vermoë om informasie te analiseer en evalueer. (1)

14.3.4. As ons die verskillende gelowe in ons gemeenskappe kan aanvaar en respekteer sal ons ‘n meer harmonieuse samelewing kan skep. (1)

14.3.5 Kardiovaskulêre aktiwiteite word gebruik om liggaamstemperatuur af te koel. (1)

(5)

**TOTAAL AKTIWITEIT 14: [19]**

# ANTWOORDE

## Kwartaal 1

## WEEK 1-3

## Hoofstuk 1: Self-ontwikkeling in die samelewing

### Aktiwiteit 1.1

1.1.1

- Self-bewustheid: Hoe goed jy jouself ken aangaande belangstellings, vaardighede, sterk- en swakpunte, voorkeure en afkeure, doelwitte, waardes en oortuigings. (2)

- Selfbeeld: Hoe baie jy van jouself hou en hoeveel selfvertroue jy het. (2)

- Self-ontwikkeling: Hoe jy jouself verbeter deur op jou sterkpunte te bou, jou swakpunte verbeter, jou lewensvaardighede ontwikkel en die beste persoon word wat jy kan wees. (2)

1.1.2. **Enige vyf:**

- Goeie kommunikasie vaardighede
- Selfgeldende houding
  - Sê wat jy wil sê, en sê dit duidelik
  - Wees positief en hê respek
  - Weet wat jy wil
  - Besit 'n regop en vier liggaamshouding
  - Stel jou siening duidelik
  - Wees beleefd
- Maak projekte en take op tyd klaar deur jou tyd reg te bestuur.
- Neem deel aan gemeenskapsorganisasies
- Maak goeie besluite
  - Evalueer die situasie
  - Kry inligting oor die verskillende opsies
  - Oorweeg die gevolge van elk van die besluite
  - Kies die beste opsie
  - Neem aksie op jou besluit (5)

1.1.3. **Enige twee:**

- Wat ander mense van jou sê
- Wat in jou lewe gebeur
- Hoe goed jy uitdagings hanteer
- Hoe jy reageer op sukses en mislukkings
- Hoe bekend jy is
- Die media – koerante, tydskrifte, TV en sosiale media soos Facebook ens. (2)

1.1.4.

1. E
2. D
3. A
4. B
5. C (5)

1.1.5.

a) **Geslag stereotipes** word veralgemeen oor die eienskappe van ‘n hele groep, gebaseer op **geslag**. Selfs al word **geslag stereotipes** gesien vir hul negatiewe konnotasies, kan daar positiewe uitwerkings daarvaan ook wees.

b) Leerder moet JA/NEE antwoord, gevolg met goed geformuleerde relevante motivering vir sy/haar keuse. (2)

c) **Enige drie:**

- Vrouens mag minder verdien as mans vir ‘n spesifieke werk.
- Mans word gepromoveer na posisies van mag in plaas van vrouens.
- Mans mag rook, drink en verhoudings hê in sommige samelewings, maar vrouens nie.
- Manlike sportspanne ontvang meer fondse en media dekking as vroue spanne.
- Vrouens moet meer huiswerk as mans doen.
- Vrouens speel ‘n groter rol in ouerskap.
- Sommige loopbane word tradisioneel gesien as slegs vir mans. (3)

**TOTAAL AKTIWITEIT: [25]**

**<u>Aktiwiteit 1.2.</u>**

1.2.1.

- Skryf alles wat jy wil sê neer
- Maak ‘n kaart met al die sleutelwoorde op
- Oefen jou toespraak voor ‘n denkbeeldige gehoor
- Hou by die tyd limiet
- Beëindig altyd met ‘n kort en kragtige boodskap vir die mense, sodat hulle sal onthou wat gesê.
- Enige gepaste antwoorde (5)

1.2.2.

- Ontwikkel goeie kommunikasie vaardighede.
- Probeer altyd om take suksesvol en op tyd klaar te hê.
- Neem deel aan gemeenskapsaktiwiteite.
- Bou mekaar se selfvertroue, deur byvoorbeeld komplimente te gee en dit regtig te bedoel .
- Enige gepaste antwoorde (5)

**TOTAAL AKTIWITEIT 1.2 :[10]**

**<u>WEEK 4-6</u>**

**<u>Hoofstuk 3: Loopbane en loopbaan keuses</u>**

**<u>Aktiwiteit 2</u>**

2.1. Stap 1: Weet wat jou belangstellings, vermoë,sterk en swakpunte is.
Stap 2: Vind meer uit oor werksgeleenthede, beroepe, loopbane en loopbaan velde.
Stap 3: Weet wat die vereistes is vir die Nasionale Kurrikulum Stelling (NCS) is. (3)

2.2. Om te kwalifiseer vir ‘n **Nasionale Senior Sertifikaat** moet ‘n leerder die volgende behaal:

- 'n Minimum valuasie van 3 d.w.s. 40% of meer in 3 vakke.
- Een van die 3 vakke moet ‘n amptelike taal op huistaal vlak wees.
- 'n Minimum valuasie van 2 d.w.s 30% of meer, in 3 ander vakke. (3)
-

2.3. Antwoord sal afhang van leerder se keuse. . (7)

2.4.1. **Vals.** Lewensoriëntering word deurlopend geassesseer deur middel van skool gebaseerde assessering om ‘n totaal van 400 punte te kry, wat omgeskakel word na 100 (2)

2.5.

- **VAT**: Almal betaal 14% vir alle goedere wat hulle koop. Die VAT is reeds by die prys van kruideniers ingesluit. Die handelaar betaal dit dan elke maand aan die regering. (2)

- **PAYE**: ‘Pay as you earn’. Hierdie belasting word van jou salaris afgetrek elke maand, indien jy meer as R120 000 per jaar verdien. (2)

- **Vuil belasting**: Aksynsbelasting, belasting op goedere soos sigarette en alkohol. (2)

2.6.

- **Beurs**: 'n Hoeveelheid geld wat gegee word aan student wat hulp nodig het om vir tersiêre studies te betaal, maar dit nie kan bekostig nie. 'n Beurs word nie terugbetaal nie, maar daar kan vereis word dat jy vir die maatskappy wat jou geborg het moet werk. (2)

- **Leerlingskap**: Stel jou in staat om te studeer terwyl jy werk. Jy studeer die teorie by 'n kollege en pas dit toe en beoefen dit, waar jy werk. (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 2: [25]**

**<u>WEEK 7-10</u>**

**<u>Hoofstuk 3: Demokrasie en menseregte</u>**

**<u>Aktiwiteit 3</u>**

3.1.1. <u>Rassisme</u>: Vooroordeel of diskriminasie gemik teen iemand van 'n ander ras.
<u>Menseregte skending</u>: Om iemand se regte te skend of misbruik is om die persoon te behandel asof hy/sy nie 'n mens is nie.
<u>Geloofsonverdraagsaamheid</u>: Die ongewilligheid om 'n ander persoon se geloof te erken, asook hulle opinies en tradisies. (3)

3.1.2. Oop vraag. Ken 1 punt toe vir STEM SAAM of NIE, en 2 punte vir 'n goed gedefinieerde rede vir die leerder se opinie. (3)

3.1.3. Oop vraag. Ken 2 punte toe vir elke goed gedefinieerde rede vir die leerder se opinie. (4)

3.2. **Noem enige 2:**

- Om mense te oordeel op grond van onwaarhede en hul verskille
- Om mense vooraf te oordeel sonder dat jy al die feite weet.
- Vooroordeel promoveer negatiewe houdings en gedrag.
- Vooroordeel promoveer diskriminasie. (2)

3.3. **Noem enige 2:**

- Mense ken nie die ander persoon nie.
- Mense het politiese agendas.
- Mense vrees dit wat hulle nie weet nie.
- Diversiteit word gehaat
- Mense se geldgierigheid en smagting na geld
- Mense is magshonger (3)

**TOTAAL AKTIWITEIT: [15]**

**Aktiwiteit 4**

4.1 Stereotipering
4.2 Rassisme
4.3 Seksisme
4.4 Vooroordeel
4.5 Diskriminasie

**TOTAAL AKTIWITEIT 4: [5]**


**KWARTAAL 2**

**WEEK 1-3**

**Hoofstuk 5: Studievaardighede**

**Aktiwiteit 5**

5.1.




5.2. Die volgende is sleute idees wat ingesluit kan wees in die leerder se antwoord:

- Luister en lees vaardighede:
  Luister aandagtig met jou oë en ore.✓/
  Vra jouself vrae.✓/

Herhaal die boodskap in jou eie woorde. ✓/
Lees stadig en versigtig.✓/
Maak notas/onderstreep hoof idees.✓/
Soek die betekenis van nuwe woorde.✓

**(Enige 3 vaardighede)** **(3)**

- Geheue en konsentrasie vaardighede
  Studeer op 'n stil plek.✓/
  Vat gereeld kort breuke.✓/
  Beloon jouself wanneer jy die werk regkry.✓/
  Maak denkbeeldige prente om konsepte te onthou.✓/
  Studeer aktief.✓/
  Verstaan die werk wat jy moet onthou.✓
  **(Enige 3 vaardighede)** **(3)**

- Tydsbestuur
  Maak 'n studierooster / skedule.✓/
  Besluit watter tyd van die dag jy die meeste energie het om te studeer.✓/
  Hou alles wat jy nodig het om te leer byderhand.✓/
  Vermy aktiwiteite wat jou aandag kan aftrek terwyl jy leer (selfoon, TV, vriende ens.)✓/
  Beplan vooraf die week se aktiwiteite.✓/
  Spandeer meer tyd aan jou swakker vakke.✓
  **(Enige 4 wenke)** **(4)**

**[10]**

5.3. Die antwoorde van Akt. 5 gaan afhang van die leerder se keuse en interpretasie van probleemoplossingsvaardighede. Gebruik onderwysers assessering vir hierdie aktiwiteit.

**TOTAAL AKTIWITEIT 5: [10]**

**<u>Week 4-7</u>**

**<u>Hoofstuk 6: Sosiale en omgewingsverantwoordelikeid</u>**

**<u>Aktiwiteit 6.1</u>**

6.1.1. **Omgewingsregverdigheid**

- Om die situasie van *omgewingsonregverdigheid* reg te stel.
- <u>Omgewingsonregverdigheid</u>
  = mense met minder keuses lei die meeste onder die effek van besoedeling, werk wat skadelik is vir hulle gesondheid en tekort aan hulpbronne.
  = hulpbron uitputting
  = arm mense het ongelyke toegang tot basiese hulpbronne soos water en energie.

**Sosiale regverdigheid**

- Om die situasie van *sosiale onregverdigheid* reg te stel.
- Sosiale onregverdigheid
  = mense met minder keuses lei die meeste onder diskriminasie.
  = mense met minder keuses het beperkte kennis aangaande basiese menseregte
- Om iets reg stel beteken om die situasie te heradresseer.
- Ons grondwet stel dat elke persoon die reg het tot:
  - 'n Omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid nie.
  - Sekuriteit wat beteken Vryheid van armoede
  - Veiligheid wat beteken uit die pad van gevaar.

(6)

6.1.2. **Armoede**

- Armoede beteken dat jy te arm is om vir basiese behoeftes te betaal.
- Armoede oorvleuel met swak gesondheidsorg , tekort aan voedsel, tekort aan hulpbronne en dienste, tekort aan toegang tot 'n veilige en gesonde omgewing en minder opvoedkundige geleenthede.

**Tekort aan behuising**

- In SA 1,875 miljoen mense bly in plakkershuise.
- Hierdie is 15% van alle huisgesinne.

**Werkloosheid**

- Om nie werk te hê nie is een van die hoof redes vir armoede.
- 25% van Suid-Afrikaners in die ouderdomsklas 18-65 is werkloos. Hierdie is een uit elke 4 mense, d.w.s ¼ van die populasie.

Wat om te doen aan armoede?

- Oorkom persoonlike armoede deur so hard as wat jy kan op skool. Dit sal jou toelaat om 'n hoër opvoeding te kry en 'n loopbaan te volg. Wat jou finansiële behoeftes sal bevredig.
- Gebruik die regering se armoede-verligtingsprogramme en toelae wat beskikbaar is.

**Voedselsekuriteit en produksie**

Voedselsekuriteit

- Dit beteken dat almal toegang het tot genoeg, veilige, gesonde en nutritiewe voedsel wat hul dieet behoeftes en begeertes.

- Voedselsekuriteit word bedreig deur droogtes, vure en oorloë.
- Voedselonsekerheid:
  *Ondervoeding*= jy kry genoeg nutriënte wat nodig is vir groei en gesondheid nie.
  *Wanvoeding* = jy kry nie die regte hoeveelheid vitamiene, minerale en ander nutriënte wat nodig is vir gesonde weefsel en orgaan funksies nie.

Globale honger

- 925 miljoen mense het nie genoeg voedsel om te eet nie.
- 98% van die wêreld se mense bly in ontwikkelende lande.
- Ongeveer 1% kinders in die USA ly aan kroniese wanvoeding as gevolg van hul kits kos diëte.
- In SA 2.2 miljoen huisgesinne word gesien as voedselonseker en ontbloot.

**Ongelyke toegang tot basiese hulpbronne en dienste**

Tekort aan water

- Sommige mense het min/beperkte toegang tot water.
- Wanneer een kraan gedeel word deur baie mense en gebruik word vir drink en wasgoed was, kan die water besoedel word.
- Elke huisgesin in SA is veronderstel om 6 000 liter water jaarliks gratis te kry. Wanneer jy meer as dit gebruik, betaal jy daarvoor.

Gesondheidsdienste

- Basiese, primêre gesondheidsorg is verniet..
- Gespesialiseerde gesondheidsdienste is beskikbaar slegs vir die wat dit kan bekostig, en dit is baie duur.
- Provinsies met minder hulpbronne en meer arm mense is nie in staat om die basiese, primêre gesondheidsorg vir die wat dit nodig het nie. Byvoorbeeld: Limpopo, Mpumalanga, Oos Kaap en die Vrystaat.

**Leerders moet 'n kort definisie vir elk van die konsepte gee en dan 2 goed geformuleerde voorbeelde voorsien. (5x3)(15)**

**TOTAAL AKTIWITEIT 6.1: [21]**

**Aktiwiteit 6.2.**

- Ses maniere hoe tieners water kan spaar in hul daaglikse lewens:

  Kan die volgende insluit:

  - Stort eerder as om te bad
  - Maak die kraan toe wanneer jy tande borsel of jou gesig was
  - Maak altyd seker die krane is mooi toe

- ➢ Inisieer ‘n waterbesparingsprogram by jou skool
- ➢ Gebruik badwater om diere of karre te was
- ➢ Ontwerp ‘n manier om reënwater en gebruik dit in die huis (6)

- Kritiese verduideliking van die sosiale gevolge as mense nie gelyke toegang het tot water nie.
  Ongelyke toegang tot water kom gewoonlik voor in plaaslike of oorbevolkte of onderontwikkelde gemeenskappe.  Die volgende is gevolge hiervan:
  - ➢ Siektes – as gevolg van die tekort aan sanitêre dienste, besoedelde water en swak higiëne.
  - ➢ Tydmors – gaan haal water by ‘n rivier of boorgat en dra dit terug
  - ➢ Konflik – deel van een kraan tussen baie mense
  - ➢ Dehidrasie en dood.
  - ➢ Belemmering in die maak van kos
  - ➢ Ontneming van basiese menslike behoeftes (9)

**TOTAAL AKTIWITEIT 6.2:[15]**

**KWARTAAL 3**

**WEEK 1-5**
**Hoofstuk 7: Selfontwikkeling in die samelewing**

**Aktiwiteit 7**

7.1.1. Waar✓
7.1.2. Vals✓, rolle verander soos jy deur die verskillende fases van lewe gaan.✓
7.1.3. Vals✓, jy benodig die ondersteuning van mense in jou verskillende lewensrolle.✓
7.1.4. Waar.✓
7.1.5. Vals✓, dit word adolessensie genoem.✓
7.1.6. Vals. ✓die veranderinge vind plaas as gevolg van geslagshormone geproduseer in die testes by seuns en die ovaria van meisies.✓ (10)

7.2.1. A
7.2.2. B
7.2.3. D (3)

7.3. Enige 3 van die volgende:

- Middelmisbruik
- Negatiewe groepsdruk
- Seksuele aktiwiteite
- Alleen rondloop in die nag
- Geleentheid huis toe saam ‘n vreemdeling

- Alleen wees met iemand wat jou nie respekteer nie
- By ‘n partytjie wees sonder volwasse toesig

7.4. Noem enige van die 4 waardes:

- Respekteer jouself en ander
- Onthouding
- Selfbeheer
- Respek vir privaatheid
- Selfbeskerming
- Selfbewustheid (4)

**TOTAAL AKTIWITEIT 7: [20]**

**<u>Aktiwiteit 8</u>**

8.1.1 Fisiese veranderinge

- Meisies ontwikkel borste
- Meisies se heupe word breër
- Meisies begin menstrueer
- Seuns se stemme breek
- Seuns se skouers word breër
- Penis en testes word groter
- Hare begin groei op privaat dele (enige 2) (2)

8.1.2 Emosionele veranderinge

- Raak vir die eerste keer verlief
- Vriende word voor familie gestel
- Baie krities teenoor ouers en wat hulle doen
- Verloor maklik humeur
- Benodig jou eie ruimte en privaatheid (enige 2) (2)

8.1.3. Sosiale veranderinge

- Nodig om aanvaar te word as een van die lede van ‘n groep
- Groepsdruk is baie prominent
- Ontwikkel bewondering vir ‘n musiek-/filmster of selfs ‘n onderwyser.

(enige 2) (2)

8.2.1 Positiewe effekte:

- Jy ontdek mense waarvan jy hou of nie.

- Dit ontwikkel 'n mens se sosiale vaardighede, byvoorbeeld om 'n gesprek te voer, om verantwoordelik op te tree teenoor mekaar ens.
- 'n Suksesvolle verhouding help om selfwaarde te bou
- Jy leer om waardes soos respek, eerlikheid, lojaliteit ens. te implementeer (enige 2) (2)

Negatiewe effekte:

- 'n Tekort aan belangstelling van die teenoorgestelde geslag kan 'n adolessent soos 'n mislukking laat voel.
- Dit kan geslagstereotipering versterk. Dit gebeur baie min dat 'n meisie 'n seun uitvra.
- Sommige adolessente kan om verkeerde redes in 'n verhouding wees.
- Mense vra 'n ander persoon uit om hul vriende te beïndruk of tot iemand beter oor hul pad kom. (enige 2) (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 8: [10]**

**Aktiwiteit 9**

- **Kind:**
  Koop goedere vir ouers by winkel
  Help met huiswerk/tuinwerk
  Was die kar
  Gee troeteldiere kos (2)
- **Broer/suster:**
  Sien om na broer/suster na skool
  Wees 'n goeie voorbeeld vir hom/haar
  Beskerm hom/haar, maak seker hy/sy is veilig (2)
- **Leerder:**
  Studeer en doen daagliks huiswerk
  Leer nuwe inhoud en vaardighede
  Woon skool by, moenie afwesig wees nie (2)
- **Jeug lid:**
  Woon jeug by elke Vrydag aand
  Wees in kerk elke Sondag
  Vorm gesonde verhoudinge
  Geestelike groei (2)
- **Netbal/sokkerspeler:**
  Gereelde oefening
  Wees 'n goeie span speler (2)
- **Vriend:**
  Wees eerlik en lojaal
  Wees mededeelsaam
  Kameraadskap

(Enige 5 met relevante verantwoordelikhede) (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 9: [10]**

**WEEK 6-10**
**Hoofstuk 8: Loopbane en loopbaan keuses**

**Aktiwiteit 10**

1.10.1. E
1.10.2. A
1.10.3. D
1.10.4. B (4)

10.2. Vaardigheid: Vermoë om iets te doen deur opleiding; aangeleer en geoefen.
Bevoegdheid:Vermoë en vaardighede om iets goed te doen. (4)

10.3.1. Salaris pakket
10.3.2. Promosie
10.3.3. Verdere studie vooruitsigte (3)

10.4.1. Groei
10.4.2. Vergadering/byeenkoms
10.4.3. Beheer
10.4.4. Ontwikkeling (4)

**TOTAAL AKTIWITEIT 10: [15]**

**Aktiwiteit 11**

11.1. Werksmark: Werks- en loopbaan geleenthede beskikbaar vir mense opsoek daarna. (2)

11.2. Informasie tegnologie en ingenieurswese. Daar is 'n groot aanvraag na hierdie loopbane en nie genoeg mense wat die regte kwalifikasies het nie. (4)

11.3. Finansies: Genoeg mense het die regte kwalifikasies vir hierdie veld. Nuwe geleenthede word voortdurend ontwikkel en daar is opening beskikbaar. (3)

11.4. **Finansies**: Baie aanstellings is reeds gemaak. (2)

**Ingenieurswese en IT:** Groot aanvraag in hierdie veld en baie aanstellings is al gemaak, wat 'n duidelike maatstaf van groei is. (2)

**Handel:** Tweede meeste aanstellings in die vorige termyn. Dit is 'n maatstaf van genoeg werksgeleenthede. (2)

**TOTAAL AKT 11: [15]**

**KWARTAAL 4**
**WEEK 1-3**
**Hoofstuk 10: Demokrasie en menseregte**
**Aktiwiteit 12**

12.1. Boeddhisme / Christenskap / Confucianisme / Hindoeïsme / Islam / Jakobinisme / Judaisme/ Sikhisme / Taoïsme / Zoroastrisme (2)

12.2. Ideale van liefde / doelwit om mensdom te bevoordeel / maak beter mense van volgelinge. (2)

12.3. Leerder se antwoord sal afhang van eie interpretasie, maar moet by teks aansluit. (2)

12.4. Onselfsugtigheid (2)

12.5. a) Alle gelowe glo dat dit belangrik is om 'n ongedissiplineerde gedagtegang wat selfsug en ander wortels van kwaad huisves te beheer. Elke geloof leer 'n weg na 'n geestelike stand wat vol vrede, dissipline en wysheid is.

b) Ja / nee

c) Leerder se antwoord sal afhang van eie interpretasie, maar moet by teks aansluit. (3)

12.6. Om die beginsels van goedheid te implementeer in die daaglikse lewe. (2)

12.7.

a) Jode b) Moslem c) Boeddhis
d) Hindu e) Taoists

(5)

12.8 Ja / nee.
Leerder se antwoord sal afhang van eie interpretasie, maar moet by teks aansluit. . (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 12: [20]**

**Aktiwiteit 13**

13.1.

i. Die feit dat Henricho gekies was as 'n wenner – dit moes eerder beide hy en Alex gewees het. Hul kon albei 'n eerste plek gekry het.

ii. Daar was ouer leerder wat as o.16 gekompeteer het. Leerders moet gevra word om hul geboorte sertifikate of ID's te wys.

iii. Die afrigter is bevooroordeeld teen ander gelowe. Afrigters kan lewensvaardighede leer oor hoe om respek te toon en diversiteit te verdra.

iv. Die gebruik van tydens skool sporte. Toets vir stimulante. Skole en deelnemers wat positief getoets het mag nie deelneem nie.

v. Omkopery deur borge. Ontbloot sulke borge en verbied hulle om in enige ander skool sporte of geleenthede in die toekoms.

(enige 4) (8)

13.2. Om te wen is vir hulle die belangrikste. (2)

13.3. Sommige deelnemer en administrateurs besluit vooraf wie die wenners sal wees. Sommige deelnemers word dan gevra om slegter te presteer sodat iemand anders of 'n ander span sal wen. Die rede hiervoor is gewoonlik om mense wat weddenskappe doen op 'n deelnemer/span te bevoordeel. (3)

13.4

- Skeidsregter moet onpartydig in sy besluite wees.
- Skeidsregter moet die spel reëls ken.
- Hy/sy mag onder geen omstandighede kante kies nie.
- Sommige ander beamptes moet saam met die skeidsregter besluite maak. Hulle moet help en selfs regstel wat die skeidsregter besluit indien nodig. (2)

**TOTAAL AKTIWITEIT 13: [15]**

**Aktiwiteit 14**

14.1. Pas kolom A by kolom B. Skryf die vraag nommer en jou keuse neer.

14.1.1. C
14.1.2. E
14.1.3. D

14.1.4. A
14.1.5. B (5)

14.2.1. C
14.2.2. A
14.2.3 B
14.2.4. A (4)

14.3.1. WAAR. As jy die informasie gehad het kon jy dit dalk voorkom het.

14.3.2. VALS. Almal wat in dieselfde sosio-ekonomiese kondisies sal daaruit voordeel trek.

14.3.3. WAAR. Jy sal uit verskillende perspektiewe na die situasie kyk.

14.1.4. WAAR. Hierdie is redes en idees oor hoe ons vrede kan skep.

14.3.5. VALS. Dit bou spiere en verhoog liggaamstemperatuur. (5)

**TOTAAL AKTIWITEIT: [19]**